

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CLXXIV.] PRYS 6d. PRETORIA, 31 AUGUSTUS 1960. PRICE 6J. [No. 2852.

INHOUD AGTERIN.

CONTENTS ON BACK PAGES.

No. 199 (Administrateurs-), 1960.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Kragtens en ingevolge die bevoegdhede aan my verleent by artikel *een-en-negentig* van die Zuid-Afrika Wet, 1909, verklaar ek hierby dat onderstaande Ordonnansie wat deur die Provinciale Raad van Transvaal aangeneem is, deur Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade goedgekeur is en hierby afgekondig word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Twee-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,
Administrator van die Provincie Transvaal.
T.A.A. 3/1/50/27.

ORDONNANSIE NO. 13 VAN 1960.

(Goedgekeur op 13 Augustus 1960.)

(Die Afrikaanse teks is deur die Goewerneur-generaal geteken.)

'N ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Licensiering en Kontrole van Honde Ordonnansie, 1933.

DIE Provinciale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Wysiging van artikel 10 van Ordonnansie 18 van 1933, soos gewysig by artikel 6 van Ordonnansie 18 van 1943.

1. Artikel *tien* van die Licensiering en Kontrole van Honde Ordonnansie, 1933, word hierby gewysig deur die volgende nuwe subartikel aan die end daarvan toe te voeg:

„(4) Elke persoon wat 'n hond aanhou in stryd met die bepaling van paragraaf (1) of (2) van die voorbehoudsbepaling by artikel *vier*, is skuldig aan 'n misdryf en 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond of, by wanbetaling, met gevengenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.”

Kort titel. 2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Licensiering en Kontrole van Honde, 1960.

No. 200 (Administrateurs-), 1960.

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal by subartikel (1) van artikel *een* van die Wet op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1946 (Wet No. 48 van 1946), soos gewysig, bepaal word dat die Administrator van die Provincie met die goedkeuring van die Goewerneur-generaal 'n beperkende voorwaarde ten opsigte van erwe in dorpe in sekere omstandighede kan wysig, opskort of ophef;

10-470155

No. 199 (Administrator's), 1960.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *ninety-one* of the South Africa Act, 1909, I hereby declare that the following Ordinance, passed by the Provincial Council of Transvaal, has been assented to by His Excellency the Governor-General-in-Council and is hereby promulgated.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-Second day of August, One thousand Nine hundred and Sixty.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.A. 3/1/50/27.

ORDINANCE NO. 13 OF 1960.

(Assented to on 13th August, 1960.)

(Afrikaans text signed by the Governor-General.)

AN ORDINANCE

To amend the Licensing and Control of Dogs Ordinance, 1933.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

1. Section *ten* of the Licensing and Control of Dogs Ordinance, 1933, is hereby amended by the addition at the end thereof of the following new sub-section:

“(4) Every person who keeps a dog contrary to the provisions of paragraph (1) or (2) of the proviso to section *four*, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty-five pounds or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months.”

2. This Ordinance shall be called the Licensing and Control of Dogs Amendment Ordinance, 1960.

No. 200 (Administrator's), 1960.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas it is provided by sub-section (1) of section *one* of the Removal of Restrictions in Townships Act, 1946 (Act No. 48 of 1946), as amended, that the Administrator of the Province may, with the approval of the Governor-General, alter, suspend or remove any restrictive conditions in respect of erven in townships in certain circumstances;

En nademaal 'n aansoek ontvang is om die wysiging van die titelvoorwaardes van Erf No. 252, geleë in die dorp Groblersdal, Uitbreiding No. 2, distrik Groblersdal, in sekere opsigte;

En nademaal Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal sy goedkeuring van genoemde wysiging te kenne gegee het;

So is dit dat ek hierby verklaar dat voorwaardes 3 (a) en 3 (c) (i) van die titelvoorwaardes in Akte van Transport No. 22875/1959 ten opsigte van Erf No. 252, geleë in die dorp Groblersdal Uitbreiding No. 2, distrik Groblersdal, gewysig word deur—

- (i) *Voorwaarde 3 (a).*—Die skrapping van die woord „alleen” en die invoeging van die woorde „en vir kerklike of daarmee in verband staande doelein des” na die woord „woondoeleindes”.
- (ii) *Voorwaarde 3 (c) (i).*—Die invoeging van die woorde „Indien die erf vir woondoeleindes gebruik word, mag” voor die woord „Nie” in die eerste reël en die skrapping van die woord „mag” in die derde reël.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN:

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provincie
Transvaal.

T.A.D. 8/2/47/1.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS.

Onderstaande kennisgewings wat betrekking het op die administrasie van die Provinsie Transvaal word op gesag van die Administrateur vir algemene inligting gepubliseer.

J. H. O. VAN GRAAN,
Provinciale Sekretaris.

Kantoor van die Administrateur van Transvaal, Pretoria.

Administrateurskennisgiving No. 652.] [31 Augustus 1960.

MUNISIPALITEIT PIETERSBURG.—WYSIGING VAN WATERBYWETTE.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel negentig van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/104/24.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT PIETERSBURG.—WYSIGING VAN WATERBYWETTE.

Die Waterbywette van die Munisipaliteit Pietersburg, aangekondig by Administrateurskennisgiving No. 811 van 18 Desember 1928, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na paragraaf (e) van artikel 68 die volgende toe te voeg:

„(f) Waar 'n aansluiting met 'n deursnee van 4 duim of minder uitsluitlik vir brandbestrydingsdoeleindes benodig word, sal dit nie nodig wees om 'n 4-duim meter te installeer nie, maar 'n verskiede klep sal verskaf word om die water te kontroleer. Waar die seël gebreek is, te enige tyd, moet die verbruiker of die eienaar 'n boete van £30 betaal. Die koste van die toebehore, meter (indien benodig) en die installasie daarvan, sal deur die aansoeker of die eienaar gedra word.”

And whereas an application has been received for the amendment, in certain respects, of the conditions of title of Erf No. 252, situated in the township of Groblersdal, Extension No. 2, District of Groblersdal;

And whereas His Excellency the Governor-General has signified his approval of such amendment;

Now, therefore, I hereby declare that condition 3 (a) and 3 (c) (i) of the conditions of Title in Deed of Transfer No. 22875/1959, in respect of Erf No. 252, situated in the township of Groblersdal Extension No. 2, District of Groblersdal, is amended by—

(i) *Condition 3 (a).*—The deletion of the word “alleen” and the insertion of the words “en vir kerklike of daarmee in verband staande doelein des” after the word “woondoeleindes”.

(ii) *Condition 3 (c) (i).*—The insertion of the words “Indien die erf vir woondoeleindes gebruik word, mag” before the word “Nie” in the first line and the deletion of the word “Mag” in the third line.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Twentieth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of
Transvaal.

T.A.D. 8/2/47/1.

PROVINCIAL ADMINISTRATION.

ADMINISTRATOR'S NOTICES.

The following notices relating to the administration of the Province of the Transvaal are published under the authority of the Administrator for general information.

J. H. O. VAN GRAAN,
Provincial Secretary.

Office of the Administrator of Transvaal, Pretoria.

Administrator's Notice No. 652.] [31 August 1960.

MUNICIPALITY OF PIETERSBURG.—AMENDMENT OF WATER BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and one of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section ninety-nine of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/104/24.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF PIETERSBURG.—AMENDMENT OF WATER BY-LAWS.

Amend the Water By-laws of the Municipality of Pietersburg, published under Administrator's Notice No. 811, dated the 18th December, 1928, as amended, by the addition of the following after paragraph (e) of section 68:

“(f) Where a 4 inch or lesser size diameter connection solely for fire fighting purposes is required, it will not be necessary to install a 4-inch meter, but a sealed valve shall be installed to control the supply. Where the seal is broken at any stage, the consumer or the owner will pay a penalty of £30. The cost of the fitting, meter (if required), and the installation thereof will be for the account of the applicant or the owner.”

Administrateurskennisgewing No. 653.] [31 Augustus 1960.
MUNISIPALITEIT BRAKPAN.—WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LISENSIES EN BEHEER OOR BESIGHED.

Die Administrator publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/97/9.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT BRAKPAN.—WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LISENSIES EN BEHEER OOR BESIGHED.

Die Verordeninge Betreffende die Licensies en Beheer oor Besighede, van toepassing op die Munisipaliteit Brakpan, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 67 van 27 Januarie 1954, soos gewysig, word hierby met ingang van 1 Januarie 1961 verder as volg gewysig:—

1. Deur in Item 11 van Aanhangel 2, Bylae 1—
 - (a) die opskrif „n Washuisher“ te skrap en dit deur die opskrif „n Wassery of Droogskoonmakery“ te vervang en die volgende paragraaf daarna in te voeg:—

„Iedereen wat 'n besigheid dryf waar klere, linne, tapyte, vloermatte, gordyne of ander huis-houdelike weefsel, gewas en gestryk, gekleur, droogskoongemaak of gebleik word, of aan 'n ander reinigingsproses onderwerp word, moet hierdie lisenzie verkry.“
 - (b) die uitdrukking „was- of strykwerk“ te skrap en dit deur „die prosesse hierbo uiteengesit“ te vervang.
2. Deur die volgende na Item 11 van Aanhangel 2, Bylae 1 in te voeg:—

„11 bis. 'n Wassery- of Droog-skoonmaakontvangsdepot 1 10 0 3 0 0

Iedereen wat 'n plek of perseel aanhou waar artikels ontvang word sodat dit aan enigeen van die prosesse wat in Item 11 uiteengesit is onderworpe moet word, moet hierdie lisenzie verkry: Met dien verstaande dat daar nie ingevolge hierdie item 'n lisenzie verkry hoef te word ten opsigte van 'n plek of perseel wat gebruik word om bogenoemde artikels in ontvangs te neem, en wat deel uitmaak van die perseel waar genoemde prosesse toegepas word, en ten opsigte waarvan daar 'n lisenzie ingevolge Item 11 verkry is nie.“

Administrator's Notice No. 653.] [31 August 1960.
MUNICIPALITY OF BRAKPAN.—AMENDMENT OF BY-LAWS RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL.

The Administrator hereby, in terms of section *one-hundred-and-one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/97/9.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF BRAKPAN.—AMENDMENT OF BY-LAWS RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL.

Amend with effect from 1st January, 1961, the By-laws Relating to Licences and Business Control, applicable to the Municipality of Brakpan published under Administrator's Notice No. 67, dated the 27th January, 1954, as amended, as follows:—

1. By the deletion in Item 11 of Schedule 1, Annexure 2 of—
 - (a) the heading "Launderer" and the substitution therefor of the heading "Launderer or Dry Cleaner" and the insertion of the following paragraph thereafter:—

"This licence shall be required by every person who carries on the business of washing, laundering, dyeing, dry cleaning, bleaching or applying any other cleaning process to clothes, linens, carpets, rugs, curtains or other household fabrics."
 - (b) the expression "washing or laundry work:—" and the substitution therefor of "the processes herein-before set forth:—"
2. By the insertion in Item 11 of Annexure 2, Schedule 1 of the following:—

“11 bis. Laundry or dry-cleaning depot 1 10 0 3 0 0

This licence shall be required in respect of any place or premises at which articles are received for the application thereto of any of the processes set out in Item 11: Provided that no licence under this item shall be required in respect of any place or premises used for the reception of articles as aforesaid and forming part of premises at which the said processes are applied and in respect of which a licence has been taken out in terms of Item 11.”

Administrateurskennisgewing No. 654.] [31 Augustus 1960.
MUNISIPALITEIT ERMELO.—VERORDENINGE BETREFFENDE PRIVATE VEEVENDUSIEKRALE.

Die Administrator publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/128/14.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT ERMELO.—VERORDENINGE BETREFFENDE PRIVATE VEEVENDUSIEKRALE.

Woordomskrywing.

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

„Raad“, die Stadsraad van Ermelo;

„munisipaliteit“, die Munisipaliteit van Ermelo;

Administrator's Notice No. 654.] [31 August 1960.
MUNICIPALITY OF ERMELO.—BY-LAWS RELATING TO PRIVATE LIVESTOCK SALE YARDS.

The Administrator hereby, in terms of section *one-hundred-and-one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/128/14.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF ERMELO.—BY-LAWS RELATING TO PRIVATE LIVESTOCK SALE YARDS.

Definitions.

1. In these by-laws, unless the context indicates otherwise—

“Council” means the Town Council of Ermelo;
“municipality” means the Municipality of Ermelo;

"private veevendusiekraal", enige ruimte binne die munisipaliteit (uitgesonderd die munisipale veemark wat deur die Raad verskaf word) wat gebruik word met die doel om perde, muile, esels, bulle, osse, koeie, verse, jong osse, bulletjies, kalwers, skape, bokke, varke of ander vee, uitgesonderd pluimvee, in die openbaar te verkoop, of te koop aan te bied;

"stadsklerk", die stadsklerk van Ermelo of enige persoon wat met magtiging van die stadsklerk of waarnemende stadsklerk optree, of enige persoon wat deur die Raad aangestel word om in die plek van die stadsklerk op te tree ten einde hierdie verordeninge uit te voer en toe te pas.

Niemand mag sonder 'n lisensie vee verkoop nie.

2. Niemand mag 'n perd, muil, esel, bul, os, koei, vers, jong os, bulletjie, kalf, skaap, bok, vark of ander vee, uitgesonderd pluimvee, op enige plek binne die munisipaliteit in die openbaar verkoop of te koop aanbied nie, tensy hy eers 'n lisensie ten opsigte van so 'n plek van die Raad verkry het.

Lisensies.

3. (1) Iemand wat aansoek om 'n lisensie doen, moet minstens dertig dae voor die datum waarop die lisensie van krag moet word, 'n aansoekvorm wat deur die Raad voorgeskryf is, en wat die applikant behoorlik ingevul en onderteken het, aan die stadsklerk besorg.

(2) 'n Lisensie wat kragtens hierdie artikel uitgereik is, mag nie oorgedra word nie en vervalt icdere jaar op die een-en-dertigste dag van Desember. Die lisensiegeld wat in dié verband betaal moet word, is £30: Met dien verstande dat, indien die lisensie na die dertigste dag van Junie aangevra word, die lisensiegeld £17. 10s. bedra.

(3) Daar word nie 'n lisensie kragtens hierdie artikel uitgereik nie tensy die Raad oortuig is dat die toegang tot, die omgewing, ligging, inrigting, aanleg van die perseel en vloer van die private veevendusiekraal van so 'n aard is dat dit sal deug vir die doel waarvoor dit gebruik moet word, en die Raad kan die lisensie uitrek onderworpe aan enige voorwaarde wat hy wenslik ag: Met dien verstande dat die Raad nie 'n lisensie toestaan nie indien die uitvoering van die betrokke vendusiekrale of die gebruik daarvan instryd sou wees met—

- (i) die bepalings van enige wet, insluitende die bepalings van enige dorpsaanlegskema soos in die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931 (Ordonnansie No. 11 van 1931), beoog; of
- (ii) 'n voorwaarde geregistreer teen die titelbewyse van grond, waarop dit die voorneme is om sodanige bedryf of besigheid uit te oefen.

Daar moet genoeg water verskaf word.

4. Die houer van 'n lisensie vir 'n private veevendusiekraal moet tot bevrediging van die stadsklerk genoeg skoon water verskaf vir al die diere wat in so 'n vendusiekraal ingebring word.

Die vloere moet van vloeistofdige materiaal gemaak wees.

5. Die houer van 'n lisensie vir 'n private veevendusiekraal moet die hele vloer of plaveisel van so 'n vendusiekraal tot bevrediging van die stadsklerk met materiaal wat nie vloeistof opneem of waarin vloeistof nie kan indring nie en wat deur die stadsklerk goedgekeur is, laat aanbring en sodanige vloer of plaveisel moet te alle tye in 'n sindelike toestand gehou word.

Die vloer of plaveisel moet skoongemaak word.

6. Die houer van 'n lisensie vir 'n private veevendusiekraal moet die hele vloer of plaveisel van sy vendusiekraal binne drie uur na afloop van 'n vendusiekraal wat daar gehou is, deeglik laat was en skoonmaak.

Die stadsklerk kan die perseel betree.

7. (1) Die stadsklerk kan te alle redelike tye enige plek wat kragtens hierdie hoofstuk gelisensieer is, of gelisensieer gaan word, betree en ondersoek daar instel.

(2) Enigeen wat die stadsklerk dwarsboom of verhinder om sy pligte uit te voer, is skuldig aan 'n misdryf.

Tydelike lisensies.

8. (1) Die stadsklerk kan, mits daar 'n lisensiegeld van £1 per dag betaal word, aan 'n afslaer wat kragtens die bepalings van die Licenties Konsolidasie Wet, 1925, 'n afslaerslisensie verkry het, 'n tydelike lisensie uitrek

"private livestock sale yard" means any space within the municipality (other than the municipal livestock market provided by the Council) used for the purpose of selling publicly or exposing to public sale any horse, mule, ass, bull, ox, cow, heifer, steer, calf, sheep, goat, pig or other livestock, excluding poultry; "town clerk" means the town clerk of Ermelo or any person acting under the authority of the town clerk or acting town clerk or any person appointed by the Council to act in the place of the town clerk for the purpose of carrying out and enforcing these by-laws:

No Person to Sell without Licence.

2. No person shall sell publicly or expose to public sale any horse, mule, ass, bull, ox, cow, heifer, steer, calf, sheep, goat, pig or other livestock, excluding poultry, in any place within the municipality unless he shall first have obtained from the Council a licence in respect of such place.

Licences.

3. (1) An applicant for a licence shall deliver to the town clerk, at least thirty days before the licence is to take effect, a form of application as prescribed by the Council completed and signed by him.

(2) A licence issued in terms of this section shall not be transferable and shall expire on the thirty-first day of December each year and the fee payable in respect thereof shall be £30, except where application for the licence is made subsequent to the thirtieth day of June, when the fee shall be £17. 10s.

(3) A licence shall not be issued in terms of this section unless the Council is satisfied that the approach to, the surroundings, position, arrangement and structure of the premises and floor of the private livestock sale yard are suitable for the purpose for which it is to be used; and the Council may attach such conditions to any licence as it may consider desirable: Provided that the Council shall not grant a licence if the carrying on of the sale yard concerned or the use thereof, would conflict with—

- (i) the provisions of any law, including the provisions of any town-planning scheme as contemplated in the Townships and Town-planning Ordinance, 1931 (Ordinance No. 11 of 1931); or
- (ii) a condition registered against the title deeds of land upon which it is proposed to carry on such trade or business.

Provision of Sufficient Water.

4. The licensee of any private livestock sale yard shall provide, to the satisfaction of the town clerk, a sufficient quantity of pure water for all animals taken into the sale yard.

Floors to be of Impervious Material.

5. The licensee of any private livestock sale yard shall cause every part of the floor or pavement of such sale yard to be constructed of a non-absorbent and impervious material approved by the town clerk and to his satisfaction and such floor or pavement shall at all times be maintained in a clean condition..

Cleaning of Floors and Pavements.

6. The licensee of any private livestock sale yard shall cause every part of the floor or pavement of such sale yard to be thoroughly washed and cleaned within three hours after the completion of any sale conducted therein.

Town Clerk's Power of Entry.

7. (1) The town clerk may at all reasonable times enter and inspect any place licensed or proposed to be licensed under this chapter.

(2) Any person hindering or obstructing the town clerk in the execution of his duties shall be guilty of an offence.

Temporary Licences.

8. (1) The town clerk may grant, provided a licence fee of £1 per day is paid; a temporary licence to any auctioneer licensed as such under the provisions of the Licences Consolidation Act, 1925, to sell publicly at a

waarby hy gemagtig word om op die dag, of dae, wat in die lisensie genoem word, op die perseel van die eienaar enige perd, muil, esel, bul, os, koei, vers, jong os, bulletjie, kalf, skaap, bok, vark of ander vee, uitgesonderd pluimvee, wat minstens een maand lank onmiddellik voor die datum waarop dit verkoop word, in die *bona fide*-besit van so 'n eienaar was, op 'n *bona fide*-uitverkoping in die openbaar te verkoop.

(2) Die stadsklerk kan, mits daar 'n bedrag van £1 per dag betaal word, aan 'n renbaan- of tentoonstellingsterreinowerheid 'n tydelike lisensie uitrek waarby so 'n owerheid gemagtig word om tydens 'n wedrenbyeenkoms of landboutentoonstelling enige dier wat in subartikel (1) genoem word, in die openbaar te verkoop.

(3) Die bepalings van artikels 3, 4 en 5 is nie van toepassing op 'n tydelike lisensie wat kragtens hierdie artikel uitgereik word nie, indien die Raad tevreden is met die tydelike reëlings wat in verband met die vendusie getref is.

Strafbepaling.

9. Iedereen wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Verordeninge wat herroep word.

10. Die Verkoop van Levende Have Bijwetten van die Munisipaliteit Ermelo, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 17 van 20 Januarie 1923, word hierby herroep.

Administrator'skennisgewing No. 655.] [31 Augustus 1960.

MUNISIPALITEIT KLERKSDORP.—WYSIGING VAN ABATTOIRVERORDENINGE.

Die Administrator publiseer hierby, ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel nege-en-negentig van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/2/17.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT KLERKSDORP.—WYSIGING VAN ABATTOIRVERORDENINGE.

Die Abattoirverordeninge van die Munisipaliteit Klerksdorp, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 369 van 24 Julie 1935, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 92 te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

“92. Die raamwerk van so 'n voertuig moet geheel en al toe wees en die nodige deure, wat stofdig moet wees, moet aan die agterkant of aan die sykante van die raamwerk wees; en die hele binnekant van die voertuig, met inbegrip van die deksel en bodem, kante en ente, moet met gegalvaniseerde yster of ander soortgelyke ondeurdringbare materiaal, minstens dikte No. 18, uitgevoer wees, deeglik vasgebout en vasgeheg, en alle lasse moet gesoldeer of gesweis en waterdig gemaak wees, en 'n gladde oppervlakte hé waarop geen vullis kan vaskleef of aanpak nie. Alle binneboute en klinknaelkoppe moet rond gemaak wees sodat hulle nie die skoonmaak van die voertuig belemmer nie; en daar mag behalwe die boute en klinknaelkoppe niks binne die voertuig se binnevlek uitsteek nie. Daar moet twee openinge, elkeen van 'n duim in deursnee, in die bodem van die voertuig gemaak wees om die water te laat uitloop wanneer die voertuig skoon gemaak word; hierdie openinge moet op geskikte en doeltreffende wyse toegedek wees wanneer die voertuig in gebruik is. Op alle karre en ander voertuie moet die naam van die eienaar op 'n in die oogvalende plek geverf staan, en alle voertuie moet, tot bevrediging van die superintendent uitgevoer wees.”

bona fide clearing sale on the day or days mentioned in the licence on the premises of the owner any horse, mule, ass, bull, ox, cow, heifer, steer, calf, goat, pig or other livestock, excluding poultry, which has been in the bona fide possession of such owner for a period of at least one month prior to the sale.

(2) The town clerk may grant a temporary licence to any race-horse or showground authority on payment of a fee of £1 per day authorising such authority to sell publicly during the course of a race-meeting of agricultural show any such animal as is mentioned in subsection (1).

(3) A temporary licence issued in terms of this section shall be exempt from the provisions of sections 3, 4 and 5 where the Council is satisfied with the temporary arrangements made for the sale.

Penalties.

9. Any person who contravenes any provision of these by-laws shall on conviction be liable to a fine not exceeding fifty pounds or to imprisonment for a period not exceeding three months.

Revocation of By-laws.

10. The Sale of Livestock By-laws, published under Administrator's Notice No. 17, dated the 20th January, 1923, are hereby revoked.

Administrator's Notice No. 655.]

[31 August 1960.

MUNICIPALITY OF KLERKSDORP.—AMENDMENT OF ABATTOIR BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and one of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section ninety-nine of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/2/17.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF KLERKSDORP.—AMENDMENT OF ABATTOIR BY-LAWS.

Amend the Abattoir By-laws of the Municipality of Klerksdorp, published under Administrator's Notice No. 369, the 24th July, 1935, as amended, by the deletion of section 92 and the substitution therefor of the following:—

“92. The body of such vehicle shall be entirely enclosed and the necessary doors which shall be dust-proof shall be fitted at the rear or on the sides of the body; the entire interior of the vehicle, including top and bottom, sides and ends, shall be lined with galvanised iron, or other similar non-porous material, of a thickness of not less than 18 gauge, securely bolted and fixed and all joints soldered or welded and made water-tight, presenting a smooth surface to which no filth could adhere. The interior ends of all bolts and rivet heads shall be rounded so as to present no obstacle to cleaning the vehicle. Other than such bolts and rivet heads, no other surface projection shall be allowed within the vehicle. Two openings, each one inch in diameter, shall be provided in the bottom of the vehicle to allow of the escape of water when the vehicle is being cleaned, which openings shall be efficiently closed by means suitable thereto while the vehicle is in use. The name of the owner shall be painted in a conspicuous place on all carts and other vehicles and all vehicles shall be lined out to the satisfaction of the superintendent.”

Administrateurskennisgewing No. 656.] [31 Augustus 1960.

MUNISIPALITEIT VEREENIGING.—WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigsverordeninge in die bygaande Bylae, uiteengesit, wat ingevolge artikel *honderd drie-en-sestig* van die Padverkeersordonnansie, 1957, opgestel is.

T.A.L.G. 5/98/36.

BYLAE.**MUNISIPALITEIT VEREENIGING.—WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE.**

Die Verkeersverordeninge van die Munisipaliteit Vereeniging, goedgekeur deur die Luitenant-goewerneur van Transvaal op 7 September 1904, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die volgende na artikel 33 van Deel A van Hoofstuk IV in te voeg:

- „34. (1) In hierdie artikel tensy die sinsverband anders aandui, beteken—
 - , afgemerkte parkeerplek 'n ruimte in 'n openbare pad afgemerkt met betrekking tot die parkeermeter wat daarop aangebring is;
 - , laaivlak 'n ruimte wat afgemerkt is as 'n plek waar goedere of handelsware op 'n voertuig opgeblaai of van voertuie afgelaai kan word;
 - , parkeermeter 'n toestel vir die outomatiese registrasie en sigbare aanduiding van die tydsverloop van die tydstip af dat die munstuk vir hierdie doel daarin geplaas word, en dit sluit in enige paal of vaste voorwerp waaraan dit gemonter is;
 - , parkeertym ' die tydperk waartydens daar in 'n afgemerkte parkeerplek geparkeer kan word volgens aanduiding op die parkeermeter, of ten opsigte van sodanige tydperk wat geroorloof word deur 'n besondére munstuk daarin te plaas;
 - , voertuig ' enige voertuig wat meer as twee wiele het, afgesien van die manier waarop dit aangedryf word;

en het enige ander woord of uitdrukking die betekenis wat in die Padverkeersordonnansie, 1957, daarvan toegewys word.

(2) Niemand mag 'n voertuig in 'n openbare pad parkeer waar parkeermeters geïnstalleer is nie, tensy hy die voertuig in 'n afgemerkte parkeerplek parkeer en terselfdertyd op die wyse wat in hierdie artikel voorgeskryf word daarvoor betaal: Met dien verstande dat daar slegs aldus betaal moet te word gedurende die tydperk wat by raadsbesluit voorgeskryf word, en wat deur middel van 'n opskrif op die parkeermeter vir elke afgemerkte parkeerplek aangedui word, maar in elk geval nie van 1 nm. op Saterdae tot 8 v.m. op Maandae nie.

(3) Niemand mag 'n voertuig in 'n afgemerkte parkeerplek parkeer of laat parkeer nie, tensy hy, of iemand anders namens hom, op die tydstip 'n toepaslike munstuk soos in die opskrif op die parkeermeter aangedui in bedoelde parkeermeter wat aan daardie plek toegewys is plaas.

(4) Niemand mag, of hy nou al opnuut 'n munstuk in die parkeermeter geplaas het, of nie, 'n voertuig in 'n afgemerkte parkeerplek laat staan nadat die parkeertym volgens die parkeermeter verstryk het, of die voertuig binne vyftien minute nadat die termyn verstryk het, weer in die plek stoot, of mag nadat die termyn verstryk het, verhoed dat 'n ander voertuig die plek gebruik nie.

(5) Wanneer iemand 'n voorgeskrewe munstuk in 'n parkeermeter geplaas het, het hy die reg om een voertuig gedurende die termyn wat deur die bedrag wat hy aldus betaal het, gedeke word, in die toepaslike afgemerkte parkeerplek te parkeer: Met dien verstande dat, al het iemand die bedrag aldus betaal, geen bepaling wat in hierdie artikel vervat is, aan hom die reg verleen om die bepaling van 'n kennissgewing wat die Raad opgeplak het en waarby dit verbied word om voertuie tussen bepaalde ure daar te parkeer, te verontgaam nie.

Administrator's Notice No. 656.]

[31 August 1960.

MUNICIPALITY OF VEREENIGING.—AMENDMENT OF TRAFFIC BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been made in terms of section *one hundred and sixty-three* of the Road Traffic Ordinance, 1957.

T.A.L.G. 5/98/36.

SCHEDULE.**MUNICIPALITY OF VEREENIGING.—AMENDMENT OF TRAFFIC BY-LAWS.**

Amend the Traffic By-laws of the Municipality of Vereeniging approved by the Lieutenant-Governor of the Transvaal on the 7th September, 1904, as amended by the insertion after section 33 of Part A of Chapter IV of the following:—

- “34. (1) In this section, unless the context indicates otherwise—

- ‘demarcated parking place’ means a space marked in a public road in relation to which a parking meter has been installed;
- ‘loading space’ means a space marked as a place for the loading and unloading of goods or merchandise into or from a vehicle;
- ‘parking meter’ means a device for the automatic registration and visible recording of the passage of time from the insertion of a coin therein for that purpose and shall include any post or fixture to which it is attached;
- ‘parking period’ means that period of parking in a demarcated parking place indicated on the parking meter or in respect of such period is allowable upon insertion of a particular coin;
- ‘vehicle’ means and includes any vehicle, however propelled, having more than two wheels;

and any other word or expression has the meaning assigned thereto in the Road Traffic Ordinance, 1957.

(2) It shall be unlawful to park any vehicle in a public road where parking meters are installed, otherwise than in a demarcated parking place and without at the same time making a payment in the manner prescribed in this section: Provided that the obligation to make such payment shall apply only between such hours as the Council may by resolution prescribe and shall be indicated by legend on the parking meter in respect of every demarcated parking place, but in any event not from 1 p.m. on Saturdays till 8 a.m. on Mondays.

(3) No person shall park any vehicle, or cause any vehicle to be parked, in any demarcated parking place unless there shall be at the same time inserted by him or on his behalf in the parking meter allocated to that demarcated parking place an appropriate coin indicated in the legend on such parking meter.

(4) It shall be unlawful, either with or without the insertion of a further coin in the parking meter, to leave any vehicle in a demarcated parking place after the expiry of a parking period as indicated by the parking meter, or to return the vehicle to that space within fifteen minutes of that expiry, or after that expiry to obstruct the use of that space by any other vehicle.

(5) The insertion of a prescribed coin in a parking meter shall entitle the person inserting it to park one vehicle in the appropriate demarcated parking place for the period corresponding with the payment so made: Provided that, notwithstanding the making of a payment as aforesaid, nothing in this section shall entitle any person to contravene a notice exhibited by the Council in terms of these by-laws prohibiting the parking of vehicles between specified hours.

(6) Die tydperk waartussen 'n voertuig in 'n afgemerkt parkeerplek geparkeer mag word en die munstuk of munstukke wat ten opsigte van die tydperk geplaas moet word in die parkeermeter wat aan sodanige plek toegewys is, soos op die parkeermeter aangedui.

(7) Niemand mag—

- (a) 'n ander munstuk as 'n geldige Suid-Afrikaanse munstuk van 'n soort wat die Raad voor-skryf, soos voornoem, in 'n parkeermeter plaas, of probeer plaas nie;
- (b) 'n vervalste of nagmaakte munstuk of enige ander voorwerp in 'n parkeermeter plaas, of probeer plaas nie;
- (c) 'n parkeermeter beskadig, ontsier of daarop skryf of teken, of 'n stroobiljet, aanplakbiljet, plakkaat of 'n ander dokument, of dit nou vir reclame bedoel is of nie, daarop plak nie;
- (d) in stede daarvan om die voorgeskrewe munstuk daarin te plaas; ander metodes aanwend, of probeer aanwend, om 'n parkeermeter die tydsverloop te laat registreer nie;
- (e) 'n parkeermeter wat nie behoorlik werk of glad nie werk nie, stamp, skud of op enige ander sodanige manier aan die gang probeer kry, of met enige ander doel nie;
- (f) 'n merk wat op die pad geverf is of 'n teken of kennisgewing wat aangebring is vir die toepassing van hierdie verordening skend, bevuil, uitwis of op 'n ander wyse minder leesbaar maak, of daaraan peuter nie:

(8) Behoudens die bepalings van subartikel (10) moet iedere voertuig op so 'n wyse in 'n afgemerkt parkeerplek geparkeer word dat dit nie verbysteek by die afgemerkte perke van sodanige ruimte nie.

(9) Niemand mag 'n voertuig wat nie spesial vir die vervoer van goedere ontwerp of gebou is nie, in 'n afgemerkt parkeerplek wat afgemerk is vir die parkering van sodanige goedere voertuig parkeer of toelaat dat dit daar geparkeer word, of toelaat dat dit daar staan nie.

(10) Indien 'n voertuig in 'n afgemerkt parkeerplek geparkeer word en dit so lank is, en soveel van die aangrensende ruimte in beslag neem dat daar nie 'n voertuig in die aangrensende ruimte op die wyse wat in subartikel (8) voorgeskryf word, geparkeer kan word nie, moet die persoon wat eersgenoemde voertuig geparkeer het, onmiddellik nadat hy dit geparkeer het, 'n toepaslike munstuk in die parkeermeters van elkeen van genoemde ruimtes plaas.

(11) Daar word aangeneem dat 'n parkeermeter die verloop van tyd juis geregistreer het.

(12) Die Raad kan ook in openbare paaie kleiner ruimtes waarin tweewielvoertuie geparkeer kan word, uithou en afmerk en die bepalings van voornoemde artikels en veral die tariewe wat voorgeskryf word, is op sodanige kleiner ruimtes van toepassing.

(13) Iedereen wat enige bepalings van hierdie artikel oortree, is by sy eerste skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens £25 en by 'n daaropvolgende skuldigbevinding met 'n boete van hoogstens £50."

(6) The period during which a vehicle may be parked in any demarcated parking place and the coin or coins to be inserted in respect of that period in the parking meter allocated to any such space shall be as indicated on the parking meter.

(7) It shall be unlawful—

- (a) to insert or attempt to insert into a parking meter any coin other than a coin of South African currency of a denomination as prescribed by the Council as aforesaid;
- (b) to insert or attempt to insert into a parking meter any false or counterfeit coin, or any foreign object;
- (c) to damage or deface, or to write or draw on, or to affix any handbill, poster, placard or other document whether or not of an advertising nature, to a parking meter;
- (d) in any way whatsoever to cause or attempt to cause a parking meter to record the passage of time otherwise than by the insertion of the prescribed coin;
- (e) to jerk, knock, shake or in any way agitate a parking meter which is not working properly or at all, in order to make it do so; or for any other purpose;
- (f) to deface, soil, obliterate or otherwise, render less visible or interfere with any mark painted on the roadway, or any sign or notice erected, for the purpose of this by-law.

(8) Subject to the provisions of sub-section (10) every vehicle shall be so placed in a demarcated parking place that it does not protrude beyond the marked boundaries of such space.

(9) No person shall place or cause to be placed or to stand any vehicle not specially designed or constructed for the carriage of goods in a demarcated parking place especially set aside for the parking of such vehicles.

(10) Where any vehicle parked in a demarcated parking place occupies by reason of its length so much of an adjoining space that it is not possible to park a vehicle in that adjoining space in the manner prescribed by sub-section (8), the person parking the first-mentioned vehicle shall immediately after parking it insert an appropriate coin in the parking meters of both the said spaces.

(11) The passage of time as recorded by a parking meter shall be deemed to be correct.

(12) The Council may also set aside and demarcate in public roads smaller spaces for the parking of two-wheeled vehicles, and the provisions of the aforesaid sections and in particular any charges which may be prescribed, shall be applicable to such smaller spaces.

(13) Any person contravening any provisions of this section shall, on his first conviction thereof, be liable to a fine not exceeding £25 and on any subsequent conviction thereof to a fine not exceeding £50."

Administrateurkennisgewing No. 657.] [31 Augustus 1960.

MUNISIPALITEIT BEDFORDVIEW.—VOOR-
GESTELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel *tien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, maak die Administrateur hierby bekend dat dit hom behaag het om kragtens artikel *nege* (11) van genoemde Ordonnansie mnr. Theo Lorentz te benoem tot Kommissaris om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die voorstel van die Dorpsraad van Bedfordview om die verandering van sy grense en die besware daarteen.

T.A.L.G. 3/2/46.

Administrator's Notice No. 657.]

[31 August 1960.

MUNICIPALITY OF BEDFORDVIEW.—PROPOSED
ALTERATION OF BOUNDARIES.

In terms of section *ten* of the Local Government Ordinance, 1939, the Administrator hereby notifies that he has been pleased, in terms of section *nine* (11) of the said Ordinance to appoint Mr. Theo Lorentz as a Commissioner to inquire into and report upon the proposal of the Village Council of Bedfordview for the alteration of its boundaries and the objections thereto.

T.A.L.G. 3/2/46.

31-7-14

Administrateurskennisgewing No. 658.] [31 Augustus 1960.
MUNISIPALITEIT RENSBURG.—VOORGESTELDE
VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel *tien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Dorpsraad van Rensburg 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by subartikel (7) van artikel *nege* van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van sy munisipaliteit verander deur die inlywing van die gebied omskryf in die Bylaes hiervan.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Offisiële Koerant* van die Provincie, aan die Administrateur 'n teenpetisie voor te lê met vermelding van gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

T.A.L.G. 3/2/66.

EERSTE BYLAE.

MUNISIPALITEIT RENSBURG.—BESKRYWING VAN GEBIED INGELEYF TE WORD.

Met aanvangspunt die mees suidelike baken van die dorp Rensburg (Algemene Plan L.G. No. A.166/97) geleë in die distrik Heidelberg; vandaar suidooswaarts langs die suidelike grens van genoemde dorp tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 59 (L.G. No. A.7395/50) ('n gedeelte van Gedeelte 11 van gedeelte) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R.; vandaar suidoos- en suidweswaarts langs die grense van genoemde Gedeelte 59 (L.G. No. A.7395/50) ('n gedeelte van Gedeelte 11 van gedeelte) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die mees suidelike baken van laasgenoemde Gedeelte 59; vandaar algemeen suidooswaarts langs die oostelike grens van die pad tot by 'n punt waar dit die suidwestelike grens van Gedeelte 11 (L.G. No. A.837/23) van een gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., sny vandaar verder suidooswaarts langs die suidoostelike grens van genoemde pad tot by 'n punt waar die verlenging van die suidelike grens van Gedeelte 4 (L.G. No. A.2912/20) van gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., die suidwestelike grens van Gedeelte 11 (L.G. No. A.837/23) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392 Registrasie-afdeling I.R., sou sny; vandaar in 'n algemene suidwestelike rigting langs genoemde verlenging tot by die suidoostelike baken van Gedeelte 4 (L.G. No. A.2912/20) van gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., verder suidweswaarts langs die grens van en insluitende Gedeelte 4 (L.G. No. A.2912/20) en Gedeelte 5 (L.G. No. A.2913/20) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde gedeelte; vandaar algemeen suidwaarts langs die noordwestelike grens van Gedeelte 10 (A.582/23) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die mees suidelike baken van genoemde Gedeelte 10, vandaar noordweswaarts langs die grense van gedeelte (L.G. No. A.1155/95) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die suidoostelike baken van Gedeelte 9 (L.G. No. A.4606/27) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R.; vandaar suidwes- en noordweswaarts langs die grense van genoemde Gedeelte 9 en Gedeelte 51 (L.G. No. A.2860/46) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., om hulle sodoende by die gebied in te sluit tot by die mees suidelike baken van die dorp Rensburg—die beginpunt.

TWEEDE BYLAE.

MUNISIPALITEIT RENSBURG.—BESKRYWING VAN VOORGESTELDE NUWE GRENSE.

Met aanvangspunt die noordwestelike baken van die dorp Rensburg (Algemene Plan A.166/97); vandaar algemeen noordooswaarts tot by die noordoostelike baken van genoemde dorp; vandaar suidoos- en suidweswaarts langs die grense van en insluitende die dorp Rensburg tot

Administrator's Notice No. 658.]

[31 August 1960.

MUNICIPALITY OF RENSBURG.—PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given in terms of section *ten* of the Local Government Ordinance, 1939, that the Village Council of Rensburg has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by sub-section (7) of section *nine* of the said Ordinance alter the boundaries of its municipality by the incorporation of the area described in the Schedules hereto.

It is competent for any person or persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette* to present to the Administrator a counterpetition setting forth the grounds of opposition to the Council's proposal.

T.A.L.G. 3/2/66.

FIRST SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF RENSBURG.—DESCRIPTION OF AREA TO BE INCORPORATED.

Commencing at the most southerly beacon of the Rensburg Township (General Plan S.G. No. A.166/97) situated in the District of Heidelberg; thence south-eastwards along the southern boundary of the said township to the north-eastern beacon of Portion 59 (S.G. No. A.7395/50) (a portion of Portion 11 of portion) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., thence south-east and south-westwards along the boundaries of the said Portion 59 (S.G. No. A.7395/50) (a portion of Portion 11 of portion) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., to the most southerly beacon of the last-named Portion 59; thence generally south-eastwards along the eastern boundary of the road up to a point where it intersects the south-western boundary of Portion 11 (S.G. No. A.837/23) of one portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R.; thence continuing south-eastwards along the south-eastern boundary of the said road to a point where the extension of the southern boundary of Portion 4 (S.G. No. A.2912/20) of portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., would intersect the south-western boundary of Portion 11 (S.G. No. A.837/23) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R.; thence in a general south-westerly direction along the said extension to the south-eastern beacon of Portion 4 (S.G. No. A.2912/20) of portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., continuing south-westwards along the boundary of and including Portion 4 (S.G. No. A.2912/20) and Portion 5 (S.G. No. A.2913/20) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., up to the south-western beacon of the last-named portion; thence generally southwards along the north-western boundary of Portion 10 (A.582/23) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., to the most southerly beacon of the said Portion 10, thence north-westwards along the boundaries of portion (S.G. No. A.1155/95) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., to the south-eastern beacon of Portion 9 (S.G. No. A.4606/27) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R.; thence south-westwards and north-westwards along the boundaries of the said Portion 9 and Portion 51 (S.G. No. A.2860/46) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., so as to include them in the area, to the most southerly beacon of the Rensburg Township—the point of commencement.

SECOND SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF RENSBURG.—DESCRIPTION OF THE PROPOSED NEW BOUNDARY.

Commencing at the north-western beacon of the Rensburg Township (General Plan A.166/97); thence generally north-eastwards up to the north-eastern beacon of the said town; thence continuing south-eastwards and south-westwards along the boundaries of and including the

